## ALGEMENE INLIGTING

1 Kinders sal daagliks 'n ligte middagete ontvang. Verwittig ons asb indien u kind enige allergieë het.

2 Toegewyde Huiswerk/Studietyd is twee uur lank per dag oggend en middag tydens Covid 19 Groepe skool indeling .

3 Prestige Naskool poog om alles in ons vermoë om 'n streng skedule te handhaaf en kan nie verantwoordelik gehou word vir 'n kind/ers wat nie by Huiswerk/Studietyd uitkom weens buitemuurse aktiwiteite nie.

4 Kinders mag geen speelgoed van die huis af naskool toe bring nie. Dit is die kind/ers se verantwoordelikheid om na hulle eie besittings om te sien en Prestige Naskool sal nie verantwoordelik gehou word vir verlore of gebreekte items nie. Geen elektroniese toestelle mag gelaai word by die Naskool nie.

5 Tydens skoolvakansie en voldag kinders, bly u verantwoordelik vir u kind se ontbyt. Prestige Naskool sal 'n oggend en 'n middag peuselhappie voorsien sowel as 'n ligte maaltyd.

6 Verwittig Prestige Naskool asb vroegtydig indien u kind/ers nie die Naskool daardie dag gaan bywoon nie.

7 Stuur asb 'n skriftelike skedule elke termyn van jou kind/ers se buitemuurse aktiwiteite.

8 Merk asb alle klere duidelik. 'n Verlore goedere mandjie sal in die kantoor gehou word. Klere wat nie opgeëis word na elke termyn nie sal aan 'n kinderhuis geskenk word.

## BEDRYFSURE

1. Gedurende die Covid 19 skooltermyn is ons oop vanaf 07:00 - 17:30 Maandag tot Vrydag. Van tyd tot tyd sal tye aangepas word in ooreenstemming met die van die skool.

2. Indien die leerling se skool vroeër as normaal weg sluit moet Prestige Naskool vooraf verwittig word.

3. Tydens skoolvakansies is Prestige Naskool oop vanaf 07:00 tot 17:30 Maandag tot Vrydag.

***Prestige Naskool sluit stiptelik om 17:30. Wees asb bedagsaam want ons personeel het ook families. Indien u besef dat u laat gaan wees, skakel asb vooraf. 'n Boete sal verhef word al het u ons vooraf in kennis gestel. (Sien Bylae 1)***